GAUTENG
LEGISLATURE
Your View — Our Vision




**Agb. Refiloe Kekana**
*VOORSITTER: Portefeuljekomitee vir die Omgewing, Landbou en Landelike Ontwikkeling*

# DIE GPW NOOI DIE PUBLIEK OM KOMMENTAAR TE LEWER OOR DIE WETSONTWERP OP DIE BEWARING EN ONTWIKKELING VAN LANDBOUGROND [B8B-2021]

**Die Gautengse Provinsiale Wetgewer se Portefeuljekomitee vir die Omgewing, Landbou en Landelike Ontwikkeling (OLLO, EARD in Engels) nooi alle belanghebbende individue en organisasies om kommentaar te lewer oor die Wetsontwerp op die Bewaring en Ontwikkeling van Landbougrond [B8B-2021].**

Die Wetsontwerp poog ook om:

- daarvoor voorsiening te maak dat die Wet op alle landbougrond in die Republiek toepaslik is;
- voorsiening te maak vir die beginsels vir die bestuur van landbougrond;
- voorsiening te maak vir landbougrondevaluering en -klassifikasie;
- voorsiening te maak vir die voorbereiding, oogmerk en inhoud van provinsiale landbousektorplanne;
- voorsiening te maak vir die verklaring van beskermde landbougebiede;
- voorsiening te maak vir die algemene oogmerke van agro-ekosisteembestuur, agro-ekosisteem-magtigings, die lys en verwyder van aktiwiteite of gebiede binne agro-ekosisteme en die vasstelling van bevoegde owerhede;
- voorsiening te maak vir die stigting van komitees en die aanstelling van tegniese en ander raadgewers om aan die Minister, LUR'e en bevoegde owerhede raad te gee;
- voorsiening te maak vir 'n prestasie-assesseringsraamwerk;
- voorsiening te maak vir die stigting en bestuur van die nasionale agro-eko-inligtingstelsel;
- voorsiening te maak vir appèlprosedures;
- voorsiening te maak vir die aanstel en funksies van inspekteurs;
- voorsiening te maak vir oortredingsvoorskrifte en die ondersoek en insameling van data oor eiendom;
- voorsiening te maak vir die delegasie van magte;
- die Minister in staat te stel om regulasies te maak en norme en standaarde te bepaal;
- voorsiening te maak vir oortredings en strawwe;
- voorsiening te maak vir die wysiging van die Wet op die Herroepping van die Wet op die Onderverdeling van Landbougrond, 1998 (Wetnr. 64 van 1998), en om voorsiening te maak vir aangeleenthede wat daarmee gepaard gaan.

**Individue en organisasies met 'n belange in die Wetsontwerp word genooi om hulle insette te lewer deur van enige van die volgende opsies gebruik te maak:**

1. **Woon op Vrydag, 26 April 2024 vanaf 10vm. 'n openbare verhoor by die Johannesburgse Stadsaal by — h.v. Harrison- en Helen Josephstraat; ingang in Helen Josephstraat, Johannesburg, SSB.**
2. **Die sessie sal op Vrydag, 26 April 2024 vanaf 10vm. regstreeks op die wetgewer se YouTube- en Facebook-blaaie uitgesaai word.**
3. **Dien kommentaar in by Me. Lebogang Mampe (Komiteekoördineerder) lmampe@gpl.gov.za. Sluitingsdatum vir alle betoë is Sondag, 28 April 2024.**
4. **'n Voorafverhoorwerkswinkel sal op Maandag, 22 April 2024 van 10vm. tot 1nm. by die wetgewer aangebied word om voor die openbare verhore die publiek oor die Wetsontwerp in te lig.**

**Besoek www.gpl.gov.za of kontak Me. Lebogang Mampe by 071 483 0221 of Mnr. Ben Dhlomo by 079 522 9131 vir meer inligting.**

**Follow us on:** **www.gpl.gov.za**